23 Junie 2011

NUUSBRIEF 6/2011

Geagte Ouers

Aan die einde van ‘n baie suksesvolle kwartaal wil ek en die personeel alle ouers van harte bedank vir u getroue ondersteuning en samewerking.

Neem asseblief kennis van die volgende belangrike sake :

1. **KRIEKET- EN HOKKIEKLINIEKE**

   Verskeie van ons krieket- en hokkiespanne woon gedurende die skoolvakansie klinieke by. Ons hoop en vertrou dat ons spelers en afrigters baie baat sal vind daarby.

2. **PROVINSIALE RUGBYWEKE**

   Ses van ons skool se Eerste Rugbyspanspelers is verkies om aan die Cravenweek en ander Interprovinsiale weke gedurende die vakansie deel te neem. Mnr Theron Brand is verkies as afrigter van die 0/12 Provinsiale Span en Mnr Pieter Maritz as een van die skeidsregters wat by die Cravenweek skeidsreg. Baie sterkte aan al die seuns en personeel met hul deelname. Ons weet dat julle ook daar Laerskool Thabazimbi se naam sal uitdra.

3. **FONDSINSAMELINGSPROJEK**

   ‘n Ongelooflike bedrag van R123 000-00 is reeds met die jagkompetisie ingesamel. Die Top 5- leerlinge het onderskeidelik reeds 20, 18, 15, 15, en 13 boekies verkoop. (Daar is 10 kaartjies in ‘n boekie). Baie dankie vir u wonderlike ondersteuning sover. Ons doen ‘n beroep op die ouers van leerlinge wat nog geen kaartjies verkoop het nie, om ten minste net as ‘n blyk van u goeie gesindheid teenoor die skool, iets te verkoop of ‘n klein bedraggie te skenk.

4. **RAPPORTE EN OUERAAND**

   Leerlinge se rapporte word op Woensdag, 27 Julie 2011 beskikbaar gestel. ‘n Oueraand is vir Donderdag, 28 Julie geskeduleer. Tydens hierdie oueraand sal ons graag alle ouers waarvan die leerlinge op druiping afstuur of wat onderpresteer, wil spreek.

5. **SKOOLSLUITING**

   Die skool sluit Vrydag, 24 Junie om 12:00 en heropen weer Maandag, 18 Julie 2011 om 07:15.

Groete

_____

J L M VENTER
HOOF